'n Toekoms wat wink vir Afrikaners!

'n Samevattende verslag van die dokument

"Toekoms-scenario's vir die Afrikaner op pad na 2020"

'n Ondersoek vir die *Afrikaner Burgerlike Netwerk* (ABN)

'n Projek van die Christiaan de Wet Fonds

'n Besprekingsdokument vir Die Afrikanerbond wat die uitkomste van die ABN scenario proses ontleed

Die Afrikanerbond
Besprekingsdokument - 5
Junie 2011
Dr Francois Bredenkamp

'n Verslag na aanleiding van die
Toekoms-scenario's vir die Afrikaner op pad na 2020
ontwikkel in die loop van
'n Ondersoek vir die *Afrikaner Burgerlike Netwerk* (ABN)[1]
Uitgevoer deur
Prof. André Duvenhage en Prof. Jaap Steyn[2]

Verslag deur Dr. Francois Bredenkamp
Orthos Logos (Wetenskaplike Verslae)

Vooraf:

As gevolg van die politieke onstabiliteit wat ná die 2007 ANC-kongres in Polokwane in Suid-Afrika begin posvat het, en die verband daartussen en die toenemende mate van politieke onrus wat uit plaaslike owerhede se gebrek aan dienslewering aan gemeenskappe spruit, die dreigende nasionalisering van grond en myne, toenemende armoede en werkloosheid, wat ook in vigilantisme en xenofobie manifesteer, is die Suid-Afrikaanse politieke toneel vol onsekerhede gelaat. Die opkoms van die rolle van die arbeidersbeweging en die SAKP in regeringsbesluitneming dui duidelik op 'n verskuiwing na links en na 'n sterker populistiese oriëntasie binne die ANC se hantering van landsake. In hulle verslag, wat hier opgesom en bespreek word, wys Duvenhage en Steyn daarop dat die SA politiek nou 'n beslissende 'venstergeleentheid' betree het waardeur die politiek óf 'n punt van kritieke onstabiliteit, d.w.s. chaos, kan bereik óf 'n deurbraak na 'n goeie en voordelige situasie vir almal kan maak.

Die organisasies ingesluit in die ABN wou graag te wete kom wat in die volgende tien jaar van die ANC-regering en -administrasie verwag kan word en wat presies die groot dinamiese elemente (die makro-veranderlikes) in die SA politiek gaan wees wat die politieke omgewing telkens gaan skep en herskep. Groter begrip van die toekoms van die Afrikaner in die tydgenootlike historiese omgewing word deur die organisasies benodig en groter kundigheid in dié verband sal heelwat waarde toevoeg in term van die beoordeling van risiko en die bestuur daarvan. Groter kundigheid kan ook nuwe denkwyses en -patrone vir die Afrikaner ontsluit, en 'n nuwe strategiese bewussyn aanwakker.

Prof. André Duvenhage van die PUK-kampus van die UNW is deur die ABN in 2009 gekontrakteer om 'n scenario-raamwerk vir die Afrikaner op pad na 2020 uit te werk. Die Dinokeng-scenario's wat kort tevore die lig gesien het, het die weg gebaan vir 'n

[1] Die ABN is 'n informele groepering van organisasies: AfriForum, die Afrikanerbond, AgriSA, die ATKV, Dames Aktueel, Die Dameskring, die Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (in waarnemende hoedanigheid), die Voortrekkers, die Erfenisstigting, FAK, Fedsas, Helpende Hand, Jong Dames Dinamiek, die Oraniabeweging, die Rappportryerbeweging, die SA Onderwysunie, Solidariteit, Solidariteit Navorsingsinstituut, die Transvaalse Landbou Unie, die Voortrekkermonument en die Vereniging van Regslui vir Afrikaans. Die groepering het ontstaan n.a.v. 'n aanbieding deur Dr. Mamphela Ramphele van die destyds pasvoltooide Dinokeng Scenario's vir Suid-Afrika voor 'n aantal van hierdie organisasies, waarna gevoel is dat 'n soortgelyke oefening ten behoewe van die Afrikaner-gemeenskap onderneem behoort te word.

[2] ***Die Afrikaner op pad na 2020 – Scenario-Perspektiewe* (ABN),** André Duvenhage (Projekleier) & Jaap Steyn, 244 bladsye, Pretoria 2011.

groeiende Afrikaner sensitiwiteit vir die potensiële nut wat in sulke toekomsprojeksies skuil. Prof. Duvenhage het daarop die betrokke scenario's met die medewerking en skriftelike insette van sowat een-en-veertig ander vooraanstaande Afrikaner-wetenskaplikes en -kundiges saamgestel. Die uitslag hiervan word in hulle verslag bevat.

Die ontwikkeling van 'n Scenario-raamwerk vir die Afrikaner

Om so 'n raamwerk saam te stel, is daar gepoog om die volgende opeenvolgende stappe uit te voer: om perspektiewe vanuit as't ware die situasie 'agter' die SA politiek te ontwikkel (sg. meta-perspektiewe), dan kontekstuele perspektiewe (waar staan die Afrikaner vandag?) te bepaal, dan die bepalende kragte (die dinamiese drywers) agter die politieke veranderinge in SA te onderskei (die kragte wat vanuit die groei van die bevolking, die demografie, die politiek en die staatkunde, die ekonomie, die samelewing en kultuur, die onderwys en die tegnologie uitgeoefen word). Eers dan kan die opbou en ontwikkeling van twee (opponerende) scenario's (d.w.s. 'n beste en 'n swakste een) aangepak word en kan 'n mens poog om daardie scenario's te evalueer en om verbandhoudende strategiese aanbevelings te maak. Die onderskeie invloede wat vanuit die bepalende kragte uitgaan moet bepaal word, die identifisering en klassifisering van ontwikkelende tendense en gebeure kan dan gebruik word om projeksies te doen en die passende scenario-logika kan uitgekies word, die gekose scenario's kan dan vir toereikendheid geassesseer word en die betrokke alternatiewe kan dan gefinaliseer word.

Dit is duidelik dat dit geen eenvoudige proses is wat tot die opbou van betroubare scenario's lei nie. Prof. Duvenhage slaag egter daarin om 'n stuk navorsing van volgehoue wetenskaplikheid vir die gebruik van ons gemeenskap en sy organisasies beskikbaar te stel. Die studie is ook deeglik en dikwels toegelig met gekleurde sistematiese grafiese voorstellinge wat die gevolgtrekkings waartoe die argument geraak duidelik uiteensit. Dit is nou ons gemeenskap en organisasie se taak om met hierdie bal te hardloop, om gerekende spelers te wees en om punte in hierdie wedstryd op te stapel wat ons nie maar net meer lewensvatbaar sal laat nie, maar ons in staat sal stel om 'n veel meer betekenisvolle en genuanseerde rol in ons vaderland te speel.

Die Suid-Afrikaanse politiek

Prof. Duvenhage maak hoofsaaklik gebruik van 'n stelsel- of sisteembenadering as teoretiese raamwerk om die werking of dinamika van die SA samelewing mee te beskryf. Die Afrikaners word as 'n ondergeskikte, kompleks aanpasbare stelsel (KAS) binne die groter KAS van die gehele SA samelewing geteken. Vir hom is die vraag nl. of die Afrikaner as groepering of stelsel te midde van die verandering wat binne die groter SA stelsel plaasvind, kan bly voortbestaan. So 'n benadering, sê hy, kan 'n mens help verklaar waarom sekere stelsels ondergaan wanneer sekere drywers die stelsel deur 'kritiese drempels' neem, d.w.s. wanneer die groter stelsel vervorm of vernietig word.

Duvenhage gebruik die verskynsels van entropie en transformasie om die stelseldinamika te verstaan. *Entropie*[3] dui op die *afnemende* energie binne 'n stelsel, wat 'n verhoogde onsekerheid en wanorde in die funksionering van daardie stelsel veroorsaak (*"devolution*

[3] HAT: "2. Die afbraak van die materie en energie in die heelal tot by 'n toestand van inerte eenvormigheid." 'n Term wat aan die fisika ontleen is.

towards breakdown"). Verskeie vorme van energie moet dan van elders gemobiliseer word om die bepaalde stelsel in staat te stel om te oorleef. Daarteenoor word die teenoorgestelde, *opbouende proses* waaraan stelsels onderhewig is, te wete *transformasie*, gestel. 'Met stelseltransformasie word verwys na 'n reaksie teen die onaanvaarbaarheid van sake, (na) 'n omvangryke, beplande, snelle en progressiewe verandering om stelselaktiwiteite te maksimaliseer en om tendense wat met entropie verband hou, te minimaliseer.' Strategies gesien, is transformasie 'n bestuurde rewolusie waarin radikale verandering bestuur word op grond van verlede, hede en toekoms. Verlede word *uit*gefaseer en toekoms word tegelyk *in*gefaseer.

Om dan nou spesifiek by die vorming van meta-perspektiewe op die SA politiek uit te kom: Duvenhage karakteriseer die huidige tydsgewrig in die SA politiek as die post-koloniale tydperk. Deur juis hierdie terme te gebruik, onderstreep hy dat daar 'n verdere, of tweede, transformasie in SA aan die werk is. Hierdie tweede transformasie is 'n paradigmaskuif vanaf post-apartheid en word gekenmerk veral deur sy diversiteit (verskeidenheid) op die gebiede van ras- en taal-, kultuur en godsdiens; dan ook deur sy ekonomiese en opvoedkundige ongelykhede, sy kwesbaarheid voor siekte en misdaad, die broosheid van die burgerlike samelewing, konflik en ongelykhede binne die regerende party, en die "Grootmansindroom" wat so duidelik die ANC se leierskap-dilemma kenmerk, en die gebrek aan dienslewering juis aan diegene wat dienste die meeste benodig. Chapman (aangehaal op pp. 234 deur Duvenhage) praat van 'n 'pluraliserende moderniteit', 'n situasie wat sterk op die modernisme trek (en dus na relatiewe eenvoud neig), dog homself in 'n skynbaar teenstrydige veelheid, of pluraliteit, voltrek.

Van groot belang, veral, is die verskynsel dat die demokrasie self in verskeie interpretasies aan die bot kom. Die westers-universalistiese verstaan van die demokrasie (soos vervat in die RSA Grondwet) het vierkantig teenoor 'n tradisionalistiese, Afrika-georiënteerde, definisie (soos uitgeleef deur die ANC) te staan gekom. Kenmerkend eie aan die tradisionalistiese siening is die omvattende integrasie van sport, kultuur, godsdiens, handel, regspleging en die media. Dit ondersteun die sentralisasie van politieke mag, beklemtoon verbruik en herverdeling bo belegging en produksie, dit bevorder 'baantjies vir boeties' bo gelyke geleenthede en bo die waarde van meriete.

Kenmerkend van die ANC regering tans is die ***onstabiliteit*** daarvan. Sy tradisioneel sterk leierskap het werklik 'n slagoffer van sy interne verdeeldheid geraak. Daar's boonop alle tekens dat dié verdeeldheid nog tot lank ná die 2012 kongres gaan voortduur. Die verbrokkeling van die regering manifesteer sigself in die funksieverlies wat veral op die laer vlakke van regering sigbaar is (in die ten gronde gaan van dienste en infrastruktuur). In plaas daarvan dat die regering op enige vlak groter stabiliteit verkry deur beslissende uitslae wat op legitieme verkiesings volg, dra die gereelde verkiesings (deurdat die aandag gevestig word op funksionele gebreke) in der waarheid by tot die eskalerende plaaslike konflikte wat so duidelik tydens die afgelope twee verkiesings sigbaar was; konflikte intern tot die ANC dra dus in eie reg by tot onstabiliteit en swak dienslewering. Die opbou van persoonlike- en streeksnetwerke dra by tot korrupsie en nepotisme, wat om die beurt weer tot korrupsie en konflik bydra en lei; 'n opwaartse spiraal van toenemende korrupsie en konflik kan hierin bespeur word. 'n Besonder betekenisvolle ontwikkeling in hierdie verband is die feit dat twee sg. *centres of power* (magsentrums) reeds kandidate geïdentifiseer het in die opbou tot die 2012 Mangaung ANC konferensie.

In noue samehang met die eersgenoemde onstabiliteit is die toenemende voorkoms van *dienslewering proteste op plaaslike regeringsvlak*. Die agteruitgang van plaaslike dienslewering kom veral voor in sg. praetoriaanse samelewings (Huntington) 'waarin wet en orde, samehang, dissipline en konsensus (eensgesindheid) ontbreek, waar privaatbelange van groter betekenis as openbare belang is, en waarin die politieke instellinge verswak is en maatskaplike kragte kragtig is.' In die termyn 2004 - 2007 was daar sewe-en-veertig brandpunte van plaaslike regeringsonstabiliteit en geweld, in 2009, eenhonderd-en-vyf, en in die termyn vanaf Januarie tot Maart 2010, vier-en-vyftig. Bykomende tekens wat hierdie karakterisering verder ondersteun, is die staat se onvermoë om behoorlike grensbeheer uit te oefen (met amper 9 miljoen onwettige immigrante in SA), 'n disfunksionele weermag, uitgebreide nepotisme en verswakkende onderwys en -gesondheidsorg.

Die bepaalde ***verkiesingsdinamika*** wat in SA na vore tree, is nl. een waarbinne die rasseskeidings in SA verder geaksentueer word (tot die mate dat ons verkiesings na ras-sensusse lyk), waarbinne die regerende party normaalweg as 'n dominante hegemonie na vore tree en 'n gefragmenteerde opposisie in die vorm van 'n hele aantal kleiner partye voorkom. Hierdie ingeboude faktore maak dat 'n mens nouliks van 'vrye en regverdige' verkiesings kan praat. Praetorianisme se gevolge word dan ook in die verkiesingsdinamiek aangevoel: konflik wat deur onderlinge en plaaslike netwerk mededinging in die hand gewerk word.

Eintlik word die post-koloniale omgewing in SA goed geïllustreer deur die sg. ***Nasionale Demokratiese Rewolusie*** (van nou af aan die NDR) wat tydens die ANC se Polokwane-konferensie as die teoretiese gedagte-raamwerk van die party se werksprogram herbevestig is. Dit word omskryf as "*'n strydproses wat alle mag na die mense wil oordra en die samelewing in 'n nie-rassige, nie-seksistiese, verenigde en demokratiese samelewing wil transformeer en die wyse waarop rykdom verdeel word wil verander sodat dit alle mense daarin kan bevoordeel.*" Hierdie besluite, wat 'n oorwinning vir die progressiewe kragte in die ANC was, het as fokuspunte gehad: armoedeverligting, werkskepping, sosiale sekuriteit, die stryd teen misdaad en landelike ontwikkeling. Hiermee wil die ANC die land volledig verander. In die algemeen impliseer dit 'n veel groter mate van staatsintervensie in die ekonomie en ander sektore, 'n minder markgedrewe benadering tot landelike grondhervorming, 'n groter mate van toetrede deur die party-masjinerie tot die politieke proses t.o.v. toesighouding en aanspreeklikheid, dissiplinering en regulering. Die NDR definieer die SA staat as "*an activist state that intervenes decisively in the economy with a generally progressive agenda.*"

Ter afsluiting van sy afdeling oor die dinamika van die SA regime, gebruik Duvenhage 'n matriksbenadering waarin die mate van politieke deelname deur die bevolking (d.w.s. hoog teenoor laag) in kontras teenoor die mate van politieke kompetisie (hoog teenoor laag) geplaas word (vgl. sy insiggewende grafika op p. 33). Hierdie analise lewer 'n ***beste saak-scenario*** (vir die Afrikaner) op van optimale stelsel transformasie[4] (met as kenmerke o.a. stabiele regering en -ekonomie, 'n sterk staat met goeie funksionering met ontwikkeling as grondslag, die konsolidasie van die demokrasie, 'n sterk burgerlike samelewing met hoë vlakke van verdraagsaamheid, groter sosiale gelykheid met 'n sterk middelklas, sosiale dienslewering met doelmatige en effektiewe besteding en sterk

[4] Juis 'n ander soort transformasie as dié wat deur die ANC voorgestaan word.

onderwys, volhoubare sosiale sekuriteit, en 'n gesonde balans tussen grondhervorming en voedselsekuriteit). Die ***slegte saak-scenario*** word weer gekenmerk deur onstabiele regering en –regime (d.w.s. die ANC) – 'n swak staat wat disfunksioneer, 'n regering deur booswigte, die steeds toenemende ver-ideologisering van alle sake, ekonomiese agteruitgang, 'n hegemoniese party, 'n elitistiese regering wat maar net 'n oog besit vir die seksionele belang (d.w.s. sy *constituency*), sosiale onstabiliteit en 'n onvermoë om dienste te lewer, ook 'n verswakkende onderwys, 'n onvolhoubare sosiale sekuriteit en, uiteindelik, 'n Zimbabwe-scenario in grondhervorming. Die Afrikaner sal waarskynlik ten beste teregkom in 'n beste saak-scenario waarbinne groter stelsel-transformasie (in die rigting van minimum entropie) oor die eersvolgende tien jaar plaasvind.

Veranderende Afrikaner-kontekste
Transformasie, Misdaad en Emigrasie

Groot ontnugtering het in Afrikaner-geledere gevolg op die vestiging van die nuwe SA orde. Afrikaners is op 'n besonder-diepgaande wyse aangetas onder die ANC regering. 'n Regering van Nasionale Eenheid het spoedig op die rotse geloop, 'n nasionale misdaadvlaag, wat insluit wrede plaasmoorde, asook 'n tipe etniese suiwering van die staatsdiens en die veiligheidsmagte, korrupsie het op alle vlakke van die staatsdiens hand oor hand toegeneem, rasse-kwotas is by die aanwysing van sportspanne ingevoer, die migrasie van Afrikaners vanuit die platteland na die stede het versnel en Afrikaners het 'n belangrike bron van bevolkingsgroei aan die emigrasie van groot getalle talentvolle jongmense na die buiteland afgestaan. Afrikaners verarm toenemend teen 'n skrikwekkende tempo.

Afrikaans in die Onderwys
Die verengelsing en agteruitgang van onderwys deur die medium van Afrikaans is waarskynlik amper volledig bekend aan die leser. Die aantal skole wat enkel deur die medium van Afrikaans onderwys verskaf, het aansienlik getaan oor die afgelope dekade, en die situasie in die hoër onderwys bied 'n soortgelyke prentjie.

Afrikaanstalige universiteite is grondig getransformeer sodat daar vandag geen Afrikaanse universiteit meer oor is nie. 'n Enkele universiteit bied lesings in Afrikaans met 'n simultaan tolkdiens na Engels, terwyl nog een na parallelmedium onderrig en 'n ander een van die dubbelmedium-opsie gebruikmaak. Die aantal Afrikaanse studente aan ons universiteite het drasties afgeneem (deels vanweë ons kwynende aanwas en emigrasie). Meer kommerwekkend, egter, is die agteruitgang van 'n hoër onderwyskultuur onder Afrikaners. Ons gemeenskap se toenemende 'hiper-individualisme' werk in teen ons taal-lojaliteit, ons tradisionele godsdiensverband, die gedagte aan 'n lewe van diensbaarheid aan 'n Afrikaner-gemeenskap breedweg gesien, en sy kinders, het die wyk geneem voor die oorweging van self-oorlewing en eie ondernemerskap. Verblydend in hierdie verband is egter die totstandkoming van 'n groot getal Afrikaanse privaatskole en ook 'n Afrikaanse universiteit. Ons sal later hierna terugkeer.

Disintegrasie van Afrikaner-nasionalisme

Die Afrikaner se onlangs-gevestigde onwilligheid om hulself met hul volk en enigiets Afrikaans te assosieer, dui bepaald op die disintegrasie van die tradisionele Afrikaner-nasionalisme. Afrikaners het gevoelige verliese gely ten opsigte van 'n werkbare toekomsbeeld, hul politieke samehang, hul selfvertroue en selfgelding, hul politieke

mag, hul rasionele godsdiensbeoefening, hul selfrespek en nugtere oordeel t.o.v. apartheid en die vele prestasies wat hul Afrikaner-verlede opgelewer het. Hul belangrikste verlies was egter aan intelligente en besonne eties-politiese nadenke oor daardie apartheidsverlede en 'n nog moeiliker en meer uitdagende toekoms.

Afrikaners is egter geen uitsondering op wat vandag skynbaar die reël is nie. Die onderskrywing van die liberale idealisme vind tans feitlik deur die bank onder die middelklasse van alle volke en nasies in die wêreld plaas. Die liberale idealisme dra onteenseglik die aantreklike karakter van 'n mees versoenende en mensliewende filosofie en moraliteit, en het 'n kultuur van menseregte na die Tweede Wêreldoorlog sterk in stand gehou.

Die ernstigste tekortkominge van die liberale individualisme is geleë in sy onvermoë om kollektiewe identiteite (soos bv. van die Afrikaner as groep) te konseptualiseer en te akkommodeer. Antwoorde op hierdie probleme is moontlik geleë in die federatiewe of radikaal-demokratiese (republikeinse) gedagte-rigtings wat riglyne aan gemeenskappe in multi-etniese samelewings bied, en wat die politieke gesag so direk moontlik in die hande van die gemeenskappe self wil plaas. Die aanvaarding van self-verantwoordelikheid vir hul gemeenskapslewe staan sentraal aan hierdie gedagte-rigtings. So 'n politieke stap sou Afrikaners in staat stel om telkens kleiner politieke eenhede te stig en om selfs as (semi-) outonome politieke eenhede 'n internasionale politieke lewe te geniet.

Die sleutel in die politieke denke is klaarblyklik dat Afrikaners ***selfverantwoordelikheid aanvaar en hulself al meer met hul middelvlak instellings bemoei***, d.w.s. met hul eie skole, dorpe, hul veiligheid, hul kunste en teaters, en veral hul eie burgerlike bewegings. Vanuit hul middel-posisie moet Afrikaners hulpverlening aan die swart townships, skole en –gemeenskappe aanpak. Orania word uitgesonder as 'n gemeenskap waar hierdie aksies reeds met sukses aangepak word.

Die Nasionale Demokratiese Revolusie

Die ANC se aanvaarding van die NDR as werksprogram het 'n besonder vernietigende fase van hul hegemonie of dominansie ingelei. Transformasie van die regbank en hoër onderwys, versnelde grondhervorming en 'landelike ontwikkeling', groter sosiale toelaes, nasionalisering van die myne en van die Reserwebank en die volgehoue verandering van plekname is tans hoog op hul agenda. Voeg hierby die transformasie van die media en die instelling van 'n media-tribunaal, ook die voorgestelde inkorporasie van provinsies. Hierdie tendens alleen kan tot stelselvernietiging (d.w.s. entropie), soos voorgehou deur die swakste saak-scenario, lei. Indekse dui egter daarop dat SA se posisie op alle fronte gemoeid met welvaart, kwaliteit van lewe, gesondheid en gesondheidsbestuur teruggesak het. Die ANC besit eenvoudig nie oor die vermoë om die komplekse SA bestel te bestuur nie.

Verdeeldheid en Militantheid

Afrikaners akkommodeer tradisioneel ernstige verdeeldheid in eie geledere, 'n verdeeldheid wat sover terug as die Groot Trek strek: hulle is onteenseglik isolasioniste (hul verkies om in eie (sub-)groep te beweeg) en kom moeilik met ander oor die weg. Hierdie trekke manifesteer hulself in die talle parallelle kultuurorganisasies wat in hul geledere bestaan en in die verskeie grade van militantheid waarmee Afrikaners hulle

politieke onmag wil besweer. Gewapende en terroristiese weerstand teen die regering van die dag het oor die afgelope jare voorgekom, en daar word selfs na die 'profesieë' van Siener van Rensburg teruggegryp as 'n soort bloudruk van die toekoms en as 'n gids met strategiese waarde vir optrede teen die bestel.

Die feite spreek egter vir sigself: Afrikaners staan polities ontmagtig, baie is ekonomies benadeel en sosiaal-psigologies geknou, met as gevolg groot skade aan hulle selfbeeld.

Makro-veranderlikes wat Afrikaner-voortbestaan beïnvloed

1. **Die Fisiese Omgewing:**

Die natuurlike begrensing van die mens se blyplek, die aarde, veroorsaak dat daar maar slegs beperkte hulpbronne tot die mens se beskikking is, en oefen 'n steeds groterwordende invloed op die wêreldpolitiek uit. Waterbronne en watersuiwering, skoon lug, gas, steenkool, minerale en elektriese krag raak steeds minder en die mens kan maar net nie anders as om hierdie bronne tot sy maksimum voordeel te eksploiteer en gaandeweg uit te put nie. 'n CIA-verslag het juis 'n aantal jare gelede water-, voedsel- en VIGS-gedrewe oorloë vir Suider-Afrika voorspel en hierdie projeksie is 'n tyd lank reeds besig om in vervulling te gaan. Die gepaardgaande sosiale disintegrasie werk duidelik die totstandkoming van ekstremistiese regimes, wat outoritêr en minagtend teenoor menseregte staan, in die hand.

Dit is duidelik dat die wêreld binne die afsienbare toekoms nie meer voldoende voorrade van fossielbrandstowwe beskikbaar sal hê nie. Aardverwarming het duidelik-waarneembare gevolge in Suider-Afrika, veral op plantdiversiteit en landbougewasse.

Water is SA se belangrikste en mees kritieke hulpbron – een wat in 'n legio behoeftes in 'n warm en droë land met min werklike landbougrond en 'n snel-groeiende bevolking moet voorsien. Die feit is dat ons land 'n groot waterkrisis in die oë staar.

As 'n mens verder dink aan die situasie betreffende vervoer in SA, weet jy dat die spoor- en pad-infrastrukture oor die laaste dekade sleg agteruitgegaan het. Tegelyk is daar 'n groterwordende bewuswording van hierdie stelsels as sleutelelemente in SA se mededingendheid. 'n Mens sal egter moet wag en kyk of die onlangse investering in die paaie- en spoor-infrastruktuur (met die oog op die Wêreldbeker) die gewenste langtermyn doelwitte van groei en produktiwiteit in die hand gaan werk.

Wat plaaslike regering betref, het dit voor groot uitdagings betreffende beleid, politiek, kapasiteit, vaardigheid, samewerkingsprobleme tussen owerhede, swak beheer en gebrekkige verantwoordbaarheid te staan gekom. Die uitslae van die aanstaande plaaslike verkiesings kan moontlik verder rigtinggewend wees. Dit is duidelik dat die hele wêreld voor 'n omgewingskrisis staan, dit is te betwyfel of SA die gevolglike ineenstorting die hoof sal kan bied.

2. **Die Demografiese Omgewing:**

Volgens die jongste ramings vervang wit mense sedert 1990 nie meer hulself deur hul geboortekoers nie, terwyl die groei onder bruin mense, en veral swart mense, hulle verreweg oortref. By wit mense moet die emigrasie-faktor ook bygereken word, en aangesien dit dikwels ons mees talentvolle en suksesvolle komponent met groot potensiaal is wat emigreer, dui dit op besonder gevoelige verliese vir die Afrikanergemeenskap.

Die bevolkingstatistieke dui daarom ondubbelsinnig op die vinnige veroudering van die wit gemeenskap. Slegs 17,9% van wit geledere is onder 15 jaar (33,6% swart, 28,3% bruin, 22,79% Indiër); dit het natuurlik eerstens en veral groot gevolge vir onderwys, maar ook vir pensioene, welsyns- en mediese dienste. Die belastingbasis kan dit eenvoudig nie oor die langtermyn onderhou nie. Die Afrikaner se posisie word dus grondig deur sy fertiliteit en emigrasie aangetas.

Verstedeliking sal, vanweë die aard van die wêreldekonomie, ongebreideld voortgesit word. Slegs 50% van die swart bevolking is reeds verstedelik, met as gevolg dat die hef aan hier nog voorlê. Hierby moet die aansienlike invloed van die immigrasie vanuit ons noordelike buurstate ook gereken word. Dit is duidelik dat die mededinging om werks- en ekonomiese geleenthede in 'swart gebiede' hand oor hand toeneem en 'n kruitvat kan vorm wat in die toekoms nog tot meer ernstige stedelike geweld kan lei. Verstedeliking bevorder tans die ongelykhede in inkomste van groepe, ongeag ras of geslag.

Afrikaners verteenwoordig dus tans 'n krimpende minderheid en dit sal toenemende druk tot verengelsing op ons skole en universiteite plaas, met gepaardgaande gevolge vir veral plattelandse dorpe en kerke. Dit het ook dalende koerantverkope, radio-luistergetalle en TV kykergetalle en, les bes, kunstefees-besoekers ten gevolg. Noodgedwonge sal dit ook tot krimpende werkgeleenthede lei, en tot 'n steeds verouderende aantal pensioenarisse. Emigrasie bygereken, beteken dit dat wit mense se aandeel in die ekonomie vanaf 19,2% (1960) tot slegs 8,9% in 2012 sal afneem.

3. **Die Polities-Staatkundige Omgewing:**

Die NDR word as die harde kern van die ANC se beleid geïdentifiseer. Die NDR wil van die staat se mag gebruik maak om bestaande besitsverhoudinge ongedaan te maak, om eienaarskap van grond en aandele geheel los van rassigheid te stel, om rykdom en inkomste te herverdeel, om sosiale en institusionele kapitaal in revolusionêre magte se hande gesetel te kry en om regstellende aksie volledig deurgevoer te kry. Dit verteenwoordig 'n voortgesette 'struggle' wat mettertyd in felheid kan toeneem.

Duvenhage beskou die SA staat as 'n disfunksionele staat wat nie in staat is om doeltreffend en effektief te kan regeer nie. Hierdie staat kan nog as 'n 'sagte' staat getipeer kan word, maar die situasie kan versleg tot swak en geknakte vlakke en kan uiteindelik ineenstort. Swak misdaadbestryding, swak beheer oor die fiskus en korrupsie, afnemende persoonlike veiligheid (met 107.5 moorde per 100 000 inwoners in 2004) is almal tekens van 'n disfunksionele staat. Hierdie faktore raak natuurlik Afrikaners: die ineenstorting van munisipale dienste het daartoe gelei dat inwoners van talle dorpe die betaling van belasting en heffings dienstegelde weerhou. Die gebrekkige personeelvoorsieningskale en die gedifferensieerde subsidies veroorsaak dat mense heelwat meer skoolgelde betaal, veral waar 'n groot aantal beheerraadposte ingestel is. Swak misdaadbestryding het gelei tot ongekende besteding aan privaat-veiligheidsmaatreëls. Wit armoede word dikwels oor die hoof gesien vanweë die relatiewe diepte van swart armoede.

Duvenhage identifiseer die volgende drie groot polities-staatkundige realiteite: die NDR, wat 'n grondige transformasie van SA wil teweegbring; die swak staat, wat ernstige tekortkominge beleef wat hom in die weg staan om sy taak uit te voer, en die vrotsige sosio-ekonomiese omstandighede van die meeste mense in die land.

4. **Die Ekonomiese Omgewing:**
Die ekonomiese omgewing in SA het sedert 1994 drasties verander. Die relatiewe goeie groei-jare van die vroeë demokrasie (1994 – 2004) is opgevolg deur die dramatiese en nagmerrie afplatting en –resessie wat globaal sedertdien toegeslaan het. Vir die ANC bly talle verklaarde uitdagings oor: infrastruktuurontwikkeling, verbreding van die belastingbasis, armoedeverligting, werkskepping (wat tans so dikwels in die kollig is), die verbreding van sosiale sekuriteit en die stryd teen korrupsie en nepotisme.

Binne Afrikaner-konteks het armoede onder Afrikaners sterk toegeneem; regstellende aksie vreet in talle Afrikaners se vermoëns om hul brood te verdien. Dit lei tot magteloosheid onder sommige Afrikaners vanweë hul swak vooruitsigte, tot apatie en emigrasie. Dit laat hulle soos tweedeklasburgers in hul eie land voel. Die toenemende verlies aan enkelmedium moedertaalonderrig by skole en universiteite dwing Afrikaners in 'n swakker prestasiekategorie en die moontlikheid tot verdere tersiêre en na-skoolse onderrig is besig om agter die horison te verdwyn. Die gevolg hiervan is dat wit mense hul al minder in die professionele sektore en gevorderde opleiding bevind.

Opsommend kan gesê word dat ekonomiese diskriminasie in die vorm van regstellende aksie nog gaan voortduur in die volgende dekade, maar die goeie nuus is tegelyk dat daar blykbaar maniere bestaan om daaraan te ontkom. Grondhervorming kan ook versnel en verradikaliseer word, en ekonomiese besluitneming kan sterk gesentraliseer word – alles met sterk negatiewe gevolge vir Afrikaners.

5. **Die Maatskaplik-kulturele Omgewing:**
Duvenhage onderskei 'n aantal spelreëls (waarvolgens die dinamiek van die maatskaplike omgewing homself voltrek). 'n Belangrike spelreël is dié van globalisering, waarvolgens hoë-vlak taalgebruik wêreldwyd toenemend verengels word (godsdiens, wetenskap, publikasies, konferensies en handel). Dit lei tot die talle gevalle van verengelsing waarvan ons in die loop van hierdie verslag aanduiding verskaf het. Sulke militante en hardnekkige verengelsing ten spyt, bereik die Afrikaanse taal en kultuur onverwagse hoogtepunte. 'n Mens dink hier aan die voortgesette publikasie van baie hoë standaard poësie (baie dikwels gesubsidieer deur die Dagbreek-, die LW Hiemstra-Trust of die Het Jan Marais Nationale Fonds). Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* veg om oorlewing nadat sy regeringsubsidie van vroeër teruggetrek is. Afrikaanse departemente is aan 'n aantal universiteite gesluit.

Afrikaans beskik steeds oor 'n aantal dagblaaie en twee Sondagblaaie, asook oor 'n aantal radiostasies en 'n onafhanklike televisiekanaal. Die aanlyn-tydskrif KykNET is besonder aktief, soos ook PRAAG se internet dagblad. Afrikaanse musiek gaan al oor die afgelope twee dekades van krag tot krag. 'n Mens sou dus kon sê dat 'n intellektuele lewe in Afrikaans steeds moontlik is; terselfdertyd moet op die daling in die getalle van Afrikaanse studente aan ons universiteite gewys word – wat natuurlik niks goeds vir daardie intellektuele lewe inhou nie.

Afrikaners verwerk maar sleg aan hul taal en kultuurerfenis se aandeel aan die apartheidsverlede. Kommerwekkend veral is die geloofwaardigheid wat hulle uit hul klaarblyklike onkunde oor die SA geskiedenis aan hul vyande se beskuldigings heg van Afrikaner-Nazisme, volksmoord, Afrikaner-kleingeestigheid en die kastig-bedenklike rol van organisasies soos die Voortrekkers en hul kerk. Hierdie negatiewe aanwysers ten spyt, wys ander aanwysers op 'n nuwe aanvaarding en positiewe gesindheid onder Afrikaners en hul kinders van hul identiteit.

Die tradisionele Christelike Kerk toon wêreldwyd 'n groot agteruitgang en SA is in den brede nie hiervan uitgesluit nie. Maar daar is ook tekens dat die opkoms van sekularisme hier plaaslik nie sonder meer aanvaar word nie, soos wat die protes teen pornografie-tv ook bewys het. As teenwig moet 'n mens ook kennis neem van die toenemende neiging om Engels as godsdienstaal te wil gebruik. 'n Hele aantal nuwe organisasies en instellings, soos Orania, die VRA, en Rekenmeesters vir Afrikaans proklameer Afrikaners se bereidwilligheid om totaal by hul eie gemeenskapaksies ter wille van hul taal en lewenswyse betrokke te raak. Die prentjie onder bruin Afrikaanssprekendes lyk heelwat slegter aangesien daar 'n swaai weg van Afrikaans onder hulle voorgekom het en 'n groter omhelsing van die staat se kultuurbeleid. Engels word duidelik as die taal van opwaartse sosiale mobiliteit in SA beleef. Toenadering tot Nederlandssprekendes lyk egter meer hoopvol, maar word deur finansiële struikelblokke belemmer.

Projeksies vanuit die bostaande kan soos volg saamgevat word:

Slegte Saak projeksie
- Afrikaners – veral hul intelligentsia - bly passief oor hul taal en gemeenskap.
- Emigrasie duur voort. Armoede neem toe.
- Afrikaans sterf langsamerhand uit.
- Afrikaans verloor status. Kunstenaars beoefen die kunste al meer op Engels. Gemengde taalgebruik neem toe.

Beste Saak projeksie
- Afrikaners, en hul intelligentsia, aanvaar verantwoordelikheid vir hul gemeenskap. Opheffing van Afrikaner-armes begin al meer te slaag, en eie instellings begin te groei deur die offervaardigheid van almal. 'n Gesonde gemeenskapsin – gekoppel aan 'n ligte, (of: benigne) minder aanstootgewende etniese nasionalisme – vestig en groei.
- Emigrasie neem af. Jong Afrikaners kry studiebeurse en kan aan simpatieke inrigtings sonder belemmering opleiding ondergaan.
- Afrikaanse taalgebruik aan talle skole en tersiêre instellings groei en verkry bestendigheid.
- Afrikaans behou sy status deur die verskeidenheid en gehalte van kultuur.

6. Die Onderwys-Omgewing:
Suid-Afrika bestee sommer baie geld aan onderwys, maar die resultaat daarvan is uiters swak. Die deurvloei van graad 1 tot graad 12 is maar 23% teenoor die internasionale norm van 60%. Daarbenewens vaar leerders baie swak in wiskunde en natuurwetenskap en is hul prestasie onder die laagstes in Afrika. 'n Vername rede is die feit dat onderwys na graad 3 in die meeste leerders se tweede taal geskied.

SA het 'n betreklik groot aantal openbare universiteite en private hoër onderwysinstellings. Hulle trek groot getalle studente (veral op regeringsaandrang). Die aantal swart studente het oor die afgelope jare sterk toegeneem en, hoewel die meeste dosente steeds wit is, word die ander groepe al sterker in die personeelkorps verteenwoordig.

Slegte Saak Projeksie
- Afrikaanse ouers bly onbewus van die waarde van moedertaalonderwys, stuur hul kinders al meer na Engelse skole of bly apaties teenoor die uitfasering van Afrikaans.

- Afrikaner-ouers bly onbetrokke by hul skole en dié se beheer- en ander liggame.
- Die aantal Afrikaansmediumskole daal verder. Hierin speel demografie en die keuses van sekere ouers 'n groot rol. Talle skole verengels.
- Afrikaans as universiteitstaal word geknou deur die demografie, maar politieke faktore, soos 'n anti-wit diskriminasie by beurs-aansoeke en regstellende aksie by studente- en personeelseleksie, dra ook by.

Beste Saak Projeksie:

- Ouers bly bewus van die waarde van moedertaalonderwys en bly hul kinders na Afrikaanse skole, ook –kleuterskole, stuur.
- Afrikanerouers bly stewig betrokke by hul skole. Hulle neem deel aan ouervergaderings, verkiesings van beheerliggame. Hierdeur bied hulle weerstand teen onregmatige optrede deur die owerheid.
- Deur hul onderlinge samewerking slaag Afrikaanse ouers om hulle skole eerder te laat saamsmelt as om Afrikaans te sien verdwyn uit daardie skole. Plattelandse skole word eerder parallelmediumskole. Ook bruin skole word by wit skole ingetrek.
- Afrikaans oorleef as onderrigtaal by sommige universiteite.

7. **Tegnologie:**

Daar is bykans onbegrypbare ontwikkelinge op die gebiede van rekenaarverwerkingsvermoëns, internet-bandwydte, en –stoorkapasiteit wat plaasvind. Dit stel die mens in staat om toegang te hê tot die ganse wêreld, ongeag sy eie lokaliteit. 'n Tegnologiegedrewe en –versterkte werklikheid sal die sg. wêrelddorp verder uitbrei en aan globalisering verdere stukrag verleen. Dit sal aan tale en kulture 'n geleentheid gee tot groot uitbreiding en hiper-doeltreffende kommunikasie. Dit sal 'n invloed op die voortbestaan van tale hê en Afrikaans sal terdeë van hierdie geleenthede t.o.v. sy onderwys, kunstefeeste, volksfeeste, boeke en alle kollektiewe kultuurondernemings gebruik moet maak. Engels sal steeds 'n gevaar hier bied. Maar met oorleg kan dit bydra tot die behoud van Afrikaans – die voorbeelde van talle Europese tale en kultuur sal nagevolg moet word.

Die Konseptualisering van Scenario's

Duvenhage en Steyn se Scenario's wil ons help om 'n langtermynvisie te vorm in onsekere tye, wanneer ons visie noodwendig juis verkort. Dit wil meehelp om verhale oor die toekoms te vorm, verhale wat ons kan help om die toekoms beter te verstaan en daarby aan te pas.

Duvenhage en Steyn ontwikkel slegs twee scenario's: 'n slegte saak-scenario en 'n beste saak-scenario. Dit word gebaseer op twee grepe uit die Afrikanergeskiedenis, die slegte saak-scenario op die metaforiese beeld van Louis Trigardt, die voortrekkerleier (soos aan ons voorgehou in die drama *Voëlvry* deur DJ Opperman) en die beste saak-scenario op die metaforiese beeld van Genl. Koos de la Rey, die bekende vryheidvegter uit die Tweede Vryheidsoorlog (soos o.m. uit die musiekspel deur Deon Opperman en uit DW Kruger se populêre artikel oor hom). Duvenhage en Steyn stel dat dit waarskynlik langer as tien jaar sal duur vir hierdie scenario's om hulself volledig uit te speel, maar dat die algemene tendense van ontwikkeling reeds in die volgende dekade duidelik waarneembaar sal word.

Louis Trigardt-scenario

Die ontberings en lyding waaraan Trigardt en sy mense blootgestel word, word in hierdie scenario metafories op die hedendaagse Afrikaner van toepassing gemaak. Hulle ly verlies aan eiendomsbesit en ook die geleentheid om te lewe en te oorlewe. Hierdie scenario stel as werklikheid die tragiese moontlikheid van die vernietiging van 'n volk. Dit is 'n voorstelling van 'n ekstreme slegte saak-scenario. Hier word die determinante geneem vanuit die geïdentifiseerde invloedsareas: die Afrikanerstelsel kan nie volhoubaar gehandhaaf word nie, en dit kan lei tot stelselvernietiging (entropie). Die proses voltrek homself op 'n geleidelike, dog ook onderbroke, wyse.

Ons verskaf die kontoere van die Trigardt-scenario puntsgewys:

- 'n Uitsiglose toekoms gee aanleiding tot grootskaalse Afrikaner-pessimisme.
- Burgers verloor hul moed om oplossings vir die talle probleme op die vlak van plaaslike dienslewering te vind, die groen beweging word in sy kiem gesmoor en 'n tierende kapitalisme van enkel winsbejag verkry die oorhand.
- 'n Slagoffer-mentaliteit neem toe en die Christelike geloof word toenemend versaak.
- Afrikaners se getalle word kleiner en hulle word steeds meer gemarginaliseer. Bejaardes kan nie meer vir hulself sorg nie en die kwynende getal jongmense kan nie met aksies help nie.
- Die platteland verval, gemeentes en skole kwyn. Wit mense verstedelik steeds al meer.
- Misdaad neem steeds toe en word endemies. Korrupsie floreer.
- Die voortgesette mislukkings van die NDR verhewig binnegevegte in die ANC en laat minderhede steeds meer weerloos in hul soeke na sondebokke. Wit woonbuurte kan die teiken vir strooptog-ekspedisies raak.
- Twis en tweedrag in Afrikaner-geledere kan nie bygelê word nie en die groep se apatie neem toe.
- Afrikaners besit geen enkele politieke party wat as segsman vir hul aspirasies kan optree nie.
- Anti-wit diskriminasie kniehalter Afrikaner ekonomiese vordering.
- Armoede neem toe onder Afrikaners. Die belastinglas neem ook dermate toe dat kerke en vermoënde persone geen armoedeverligting meer kan onderneem nie.
- Die regering se inmenging in die ekonomie tree op as demper vir ondernemende aktiwiteite en jong sakelui emigreer.
- Afrikaners dra baie swaar aan 'n verlede wat hulle maar net nie wil verwerk en afskud nie. Die propaganda dat apartheid kwansuis ewe sleg as Nazisme was, bly vassteek. Juis daarom ontbreek die groter wil om arm Afrikaners in hul nood by te staan en beter toe te rus.
- Die Afrikaanse taal word grootskeeps onder bruin Afrikaners uitgedruk en *Engfrikaans* word toenemend onder kunstenaars en ander gebruik.
- Omdat markte en getalle krimp, raak dit al moeiliker om Afrikaanse boeke, koerante en tydskrifte uit te gee.
- Afrikaners het al hoe minder bondgenote uit ander groepe, en laat na om hul verdienstelike saak aan simpatieke volke in Europa en Amerika te stel.
- Afrikaanse ouers stuur hul kinders al meer na Engelse skole, en al minder studente gaan na die histories-Afrikaanssprekende universiteite.
- Afrikaners kry dit nie reg om die kubersfeer op so 'n wyse te hanteer dat dit Afrikaans en sy kultuuraangeleenthede deel van die kuberwêreld kan maak nie.

Die Trigardt-scenario teken 'n volk wat op moedverloor se vlakte sit, een wat nie die verantwoordelikheid vir sy eie taal en kultuur en sy mense wil aanvaar nie. Ekonomiese diskriminasie duur voort, Afrikaans raak toenemend futloos en Afrikaanse skole raak sonder betekenis. Nuwe tegnologie word nie benut nie.

De La Rey-scenario

Generaal de la Rey het nog altyd Afrikaners se verbeelding aangegryp. Hy wou oorspronklik slegs vrede hê, maar toe die Anglo-Boereoorlog 'n voldonge feit raak, het hy geweier om die stryd op te gee en om 'n eerlose vrede te sluit. Sy roem het hom die rolmodel gemaak wat meer onlangs in die kunste en in die populêre oorlewering herleef het. Sy Bittereinderstryd herinner 'n mens aan die literêre figuur, Bart Nel, wat alles in sy stryd om oorlewing verloor het, en tog sy onwrikbare en hardnekkige geloof in sy God en sy volk behou het. De la Rey het na die oorlog vir homself naam gemaak as lid van die groep wat na Europa is om fondse vir die verarmde Boerevolk in te samel; hy het ook na Indië gereis om krygsgevangenes te oorreed om na SA terug te keer en die stryd vir hul plase en gesinne weer aan te durf. Hy was ook 'n oortuigde taalstryder vir Afrikaans in die skole, en het meegehelp om aan die nuwe stryd vir Afrikaans en die uitbou daarvan, en van die volk, vorm te gee. Hy het die onsterflike woorde gebesig: "*Julle sê ons is te min. Ons was toe ook min. Ons was nog altyd min. Ons is nog steeds min*."

Die De la Rey Scenario verreken die groot verliese wat die Afrikaner in die demokratisering van SA gely het en wil die gepaardgaande 'eensaamheid' mettertyd vervang deur die besef dat die Afrikaner sy siel gered het en sy werk moet voortsit om 'n geestesbesit van waarde te behou. Dus: wees jouself, doen wat jy kan doen en definieer 'n ander, beter horison. Hierdie scenario staan in die teken van die soeke na oplossings! Die sentrale teoretiese veronderstelling is dat dit 'n omgewing skep waarbinne die Afrikaner-stelsel tog die geleentheid bied vir herstel, konsolidasie en uitbouing. Transformatiewe leierskap en 'n transformatiewe verwysingsraamwerk word hierin vooropgestel as vertrekpunte vir die transformasie van die Afrikaner-stelsel.
Weer eens bied ons die gestalte van die De la Rey scenario puntsgewys aan:

- Afrikaners verkry 'n nuwe vasberadenheid, selfrespek, positiewe eiewaarde, moed en hoop. Ons weet dat ons die moeilike taak voorhande slegs deur deeglike beplanning en doelgerigtheid onder die knie sal kan kry.
- Die skaarsheid van natuurlike hulpbronne ten spyt, groei die groen beweging onder Afrikaners en maak hulle groot bydraes tot hulle plaaslike owerhede. Hulle bou hulle aandeel in natuurbewaring uit o.a. deur die wild- en jagbedryf, en hul aktiewe deelname aan eko-toerisme op dorpe en plase.
- Hulle help om emigrante terug na SA te bring, en hulle begin hulself op taktvolle wyse vir 'n hoër aanwassyfer onder Afrikaners te beywer. Hulle help om die platteland te laat herleef.
- Afrikaners neem toenemend verantwoordelikheid vir hul veiligheid in stede en dorpe, en op plase. Tegnologie speel 'n al belangriker rol hierin. Entrepreneursgeleenthede in die versameling van intelligensie word geëksploiteer.
- Afrikaners neem die sake van mediavryheid, ekonomiese vryheid en eiendomsbesit op as vaandels in die stryd om die demokrasie. Die Afrikaanse pers herdefinieer en nuanseer sy rol onder Afrikaners, en die leserspubliek leer 'n nuwe kritiese vermoë aan.
- Afrikaners leer om mekaar te vergewe vir die talle sosiale en politieke foute begaan oor die afgelope twee, drie dekades (en om daarvan te vergeet) en werk daaraan om die werklike meningsverskille tussen hulle uit die weg te ruim. Afrikaners raak

werklikwaar weer polities betrokke, hulle soek politieke alliansies en bondgenote in die land. Saam met emigrante drukgroepe uit die buiteland sorg hulle dat die 'Afrikaner-vraagstuk' alombekend raak en die internasionale aandag kry wat dit verdien.

- Die talle faktore wat Afrikaner-armoede en gebrek aan geleenthede in die hand werk, neem Afrikaners die verantwoordelikheid op hulle om te sorg vir die heil van hul skole, kolleges en universiteite en werk hulle oplossings uit vir opleiding, vir beursfondse en vir werksgeleenthede vir jong Afrikaners en vir welsynsprojekte. Landbou en landelike ontwikkeling kry spesiale aandag.
- Die Afrikaner maak vrede met sy apartheidsgeskiedenis en mobiliseer sy positiewe verlede om daaruit lesse vir die toekoms, veral ook vir sy taal, te put. Hy verryk sy kultuurlewe deur hoogs kreatiewe en relevante kunstebeoefening, hy bied verrykingskursusse, geteiken op alle lae van sy groepsamestelling, uit die jongste tegnologie aan. Hy onderneem post-sekondêre opleiding op tegniese gebiede waarin dit duidelik is dat die regering nie die mas kan opkom nie. Hy moedig 'n aktiewe wetenskapslewe aan vir al sy nagraadse gegradueerdes; moedig wetenskaplike publikasie aan alle gehore aan, veral vir jong volwassenes en skoolgangers.
- Afrikaners red hul uitnemende skole en konsolideer skole in gemeenskappe waar hul demografiese verspreiding nie goeie eie skole regverdig nie. Afrikaanse skole stig departemente van moderne tale en bied uitnemende onderrig in Engels en in die swart omgangstaal van hul streek aan sodat leerlinge dit nie aan Engelse skole hoef te kry nie. Die SA Akademie stel sertifikaatkursusse in Verrykte Afrikaans in as bykomstige en prestige-ryke skoolverlaters-kwalifikasies. Nasionale kompetisies verhoog standaarde in Afrikaanse spelling, geskiedenis en opstelskryfkuns.
- Die inhoud, styl en substansie van die Afrikaanse kultuurlewe word gedigitaliseer en op die Wêreldwye Web geplaas. Tuisskoling word daardeur ondersteun, ook in skaars vakke en in vakke wat nie deur die huidige regime onderskryf word nie. Dit vorm 'n kosbare hulpbron ook vir Afrikaners in die buiteland.

Duvenhage stel dat die De la Rey Scenario 'n toekomsverhaal van selfrespek en aanpassing by ons moeilike omstandighede is. Dit aanvaar verantwoordelikheid vir die heil van ons hele gemeenskap: ryk en arm, oud en jonk, en taal en kultuur. Afrikaners voer hul stryd teen hul eie swakhede, maar ook teen diskriminasie, marginalisering en armoede.

Afrikaner-transformasie

Soos reeds uit die verslag bekend, stel Duvenhage en Steyn. voor dat die hele Afrikaner-stelsel getransformeer word t.o.v. die vernuwing van die gees van die Afrikaner, die herprogammering van sy gees en sy oortuigings, sy hervitalisering (wat dui op daardie besondere verhouding tussen die Afrikaner-stelsel en sy veranderende omgewing, en sy herstrukturering (waarin al sy dinamiese prosesse en strukture geoptimaliseer word). Dit hou die volgende implikasies in:

- Afrikaners sal soek na strukture wat behoorlike diens op die plaaslike vlak aan arm, maar ook verouderende, Afrikaners lewer. 'n Gesonde Afrikaner-gemeenskapslewe is hierin van die opperste belang. Geen bouwerk kan daarsonder aangepak word nie.
- Die uitbou en konsolidasie van Afrikaanse skole en kerke lê aan die hart van 'n gesonde, welvarende en waardegedrewe Afrikaner-gemeenskap. Volhoubaarheid, veral van die plattelandse sektor, behoort 'n saak van die allergrootste prioriteit te wees. Ons sal elkeen mekaar se hoeder moet word.

- Die ondergang van Afrikaner-nasionalisme en die opkoms van die NDR het onderstreep dat die Afrikaner uitsigloos gelaat is. Daar bestaan dus tans 'n groot nood aan 'n samehangende ideë-kompleks of raamwerk waarbinne Afrikaners hul ideale en aspirasies kan nastreef en vervul. Idees (en ideale) moet op 'n sistematiese wyse uitgewerk word, met ingeboude teenvoeters vir die bestaande opponerende denkrigtings. Die groot uitdaging is dus: dit moet die grondslag vir Afrikaner stelsel-transformasie bied.
- Afrikaner-gemeenskappe, met bondgenote binne en buite SA, wat mekaar wedersyds ondersteun en tegnologies met mekaar in verbinding is, is die groot ideaal. Afrikanerstrukture moet die gemeenskapslewe konsolideer en uitbou.
- 'n Nuwe en private Afrikaanse universiteit moet op die been gebring word. Twee of drie goeie modelle word tans oorweeg en die mees haalbare instelling sal deur *almal* ondersteun moet word.
- 'n Gebalanseerde sin vir die geskiedenis sal in die aangesig van die Marxisme uitgebou en gevestig moet word. Historiese navorsing sal ondersteun moet word en 'n sensitiwiteit vir die Afrikaner-geskiedenis sal weer ontwikkel moet word. 'Die geskiedenis ken meer as een waarheid en die waarheid van die Afrikaner moet ook aan die orde kom.'
- Indien 'n mens na sake kyk wat strategiese beplanning benodig, dan blyk die volgende spoedeisend en uitdagend te wees: Afrikaner-armoede, uitskakeling van diskriminerende praktyke, opleidingsgeriewe, grondhervorming en voedselsekerheid.
- Afrikanerstrukture moet gerasionaliseer word om 'n beter inpassing in die tydsomstandighede te bewerkstellig. Hieroor moet nog baie beplanning gedoen word.
- Heelwat navorsing en verdere scenario-ontwikkeling moet die proses vir 'n ruk lank lei.

Voorstelle vir 'n Afrikanerbond-reaksie op die ABN-scenario's "Die Afrikaner op pad na 2020"

'n Mens moet erken: die ABN scenario's skilder geen gemaklike of rooskleurige prentjie oor Afrikanervooruitsigte vir die volgende dekade of twee nie. Tegelyk lê in hierdie verslag 'n aantal kernwaarhede opgesluit waarvan kennis geneem moet word en wat as fondament vir 'n AB-reaksie op die dokument kan dien.

'n Mens moet onder geen illusie verkeer dat Afrikaners met enigiets minder as grondige sosiale transformasie, selfs –revolusie, deur die oorlewingskrisis wat duidelik herkenbaar uit hierdie grondige verslag spreek, gaan kom nie. Inderdaad, al wat Afrikaners vir hulle eie ondergang hoef te doen, is om niks daaromtrent te doen of te dink nie: die dobbelsteentjies is sterk teen ons gelaai en as ons nie aktief tot die stryd wil toetree nie, gaan die geveg eenvoudig by ons verbygaan. Teen hierdie ernstige agtergrond word daar dus 'n beroep op alle Afrikaners, leiers en volgelinge, gedoen ***om transformatories te dink en te doen***. Die volgende voorstelle word dus aan lede en afdelings voorgehou met die hoop dat dit grondige oorweging en bespreking sal ontlok wat tot 'n herlewing van 'n moeë en terneergedrukte Afrikaner-gemeenskap kan lei. Dit word puntsgewys gestel:

1. In sy inset tot die stukke waaruit die ABN-verslag saamgestel is, het die AB saamgestem dat ***die uitbouing van die Afrikaanse burgerlike samelewing van kernbelang vir stelsel-transformasie is***. *"Die ideaal is die vestiging van Afrikaner-gemeenskappe met bondgenote binne en buite Suid-Afrika wat wedersyds ondersteunend en (tegnologies?) in verbinding is met mekaar. Die pro-aktiewe uitbouing van 'n Afrikaner gemeenskapslewe behoort hier prioriteit te geniet. Afrikaner strukture wat tans ons insiens nog baie onderontwikkeld is, behoort as koördineerders op te tree in die konsolidasie en uitbouing van die Afrikaner-gemeenskapslewe op alle terreine van die groter samelewing. Dit is belangrik dat komponente van hierdie groter gemeenskap mekaar sal ondersteun in terme van gemeenskapsgerigte aktiwiteite."* (Duvenhage p. 226)

Afrikaners deel hul maatskaplike ruimte hier met die ander gemeenskappe in Suid-Afrika. Hieronder tel nie alleen ander Suid-Afrikaansgebore medeburgers soos die swart-, bruin- en Indiërmense, en wit Engelssprekendes nie, maar ook immigrante-groepe en persone wat binne of buite SA gebore mag wees, soos bv. die Griekse, Portugese, Italiaanse en ander gemeenskappe. Soos Afrikaners, vorm sulke gemeenskappe minderhede wat dieselfde lewensruimte, regering en hulpbronne deel, ook en veral met meer spesifieke probleme rondom eienaarskap en die landbou, armoede, werkskepping, 'n diepe gebrek aan hulpbronne, misdaad, gemeenskapsidentiteit, entrepreneurskap, die ekonomie, sport, belastings, persoonlike veiligheid, dienste en velerlei ander alledaagse sake, wat aan ons almal óórbekend is. Dit is eweneens in *hulle* belang dat sulke probleme tot almal se tevredenheid geskik word. Afrikaners in die stede en op die platteland is dus, met hul veiligheid voor oë, genoop om werklik alle identifiseerbare gemeenskappe by te staan in hul ervaring van maatskaplike problematiek. In terme van sofistikasie deel sommige gemeenskappe hul problematiek direk met die Afrikanergemeenskap (in welke geval 'n mens beter begrip vir ons gemeenskap se probleme kan verwag en deur onderhandeling 'n mate van samewerking vir die oplossing

daarvan kan beding); ander gemeenskappe is agtergeblewe (en sou beter van raadgewing en medewerkende hulpverlening kan gebruikmaak). Die rol van kulturele verskille en van regeringsgesinde vakbonde in die bemoeiliking van onderhandelinge moet altyd steeds verreken word.

Daar is duidelike tekens dat die Nasionale Demokratiese Revolusie-program ná die ANC se Polokwane-konferensie en die onlangse verkiesing besig is om implementeringsmomentum op te tel. Dit hou, soos gesê, voelbare en ingrypende implikasies vir alle gemeenskappe, swart en wit, in. Gemeenskappe sal met oop oë die uitdagings in hierdie verband moet aanvaar en in hulle hulpverlening en in die vorming van bondgenootskappe. Die gestadige revolusie is op ons en ons moet met 'n behoorlike strategiese visie, ook op plaaslike vlak, daarvan werk maak. Die identifikasie van, bv., die gepaste randorganisasies vir hulpverlening, is baie belangrik.

'n Mens sou dus graag groter vennootskapsaksies tussen die wit (Afrikaner) gemeenskap en sukkelende gemeenskappe op alle vlakke wou sien. In hierdie verband loop die herorganisering en aksies van die Afrikaanse Handelsinstituut oor die afgelope jare sterk in die oog. Maar 'n mens sou hegter vennootskappe deur ons land tussen sterker en swakker skole aan die werk wou sien, tussen wit en swart kleuter-, primêre en sekondêre skole, tussen wit en swart gemeenskapsorganisasies wat bejaardes versorg, wat blindes, gestremdes en armes versorg. Afrikaner-gemeenskappe en –organisasies moet dus geleenthede vir vennootskappe binne hulle bereik en hul geografiese ligging identifiseer en met die besture van die betrokke organisasies skakel. Die AB-afdelings kan sulke gemeenskapsorganisasies met raad (en daad, waar toepaslik) bystaan om die nodige effek van samewerking in werking te stel en dit te bedryf. In ieder geval sal die AB-afdelings op dorpe sulke alliansie-aktiwiteite moet koördineer en adviseer. En dit is in ieder geval die selfopgelegde taak van die Afrikanerbond om sulke aktiwiteite te koördineer.

Die verkryging van bondgenote buite ons gemeenskap gaan afhang van die mate waarin ons daarin slaag om ons konsep van ons Afrikanerskap te verruim en om met andere (desnoods met ANC-Afdelings en –Rade) in hierdie moeilike land werklik te kan kommunikeer. Die soeke na bondgenote na binne sal weer daarvan afhang of ons genoeg gemene (geloofs)grond skep met ons Afrikanerbroers en –susters, asook met die verruiming van ons Afrikanerskap. Wat betref die Afrikanerstrukture wat steeds onderontwikkeld is, dink 'n mens onwillekeurig aan die koördineringsrol wat die AB in die verlede vertolk het, maar nou moontlik deur herorganisasie en ander faktore in die wiele gery is. Hier lê werklik 'n grootse taak vir die AB oor die volgende jare voor. Hiervoor sal die organisasie moet sorg dat sy lede met oorleg uit die jonger garde gekies word en dat projekte met verbeelding gekonsipieer en uitgevoer word. 'n Groot beplanningskonferensie – gebaseer op die ABN-verslag? - lyk weer die aangewese weg daarvoor te wees. Maatskaplike aksies sal sterk hier verteenwoordig word.

Die toestand waarna gestreef behoort te word, is een waarin skole (dws. ryk met arm, wit met bruin/swart) bondgenootskappe sal vorm, kerkgenootskappe en gemeentes onderling onder mekaar, veiligheidsorganisasies onderling, die Voortrekkers met skole waar daar nog nie Voortrekkers bestaan nie. Spesifieke aksies, soos die loodsing van 'n Afrikaanse universiteit, sal gekoördineerde veelsydige optredes vereis, waaroor daar by geleentheid met afdelings gekommunikeer sal word.

2. Die ernstigste transformasie sal rondom ons ***selfopvatting van Afrikanerskap*** moet kom. Dit is teen hierdie tyd duidelik dat *enigeen wat haar/hom as 'n Afrikaner beskou, dit werklik is* en dat *hierdie definiëring aansluit by die RSA Grondwet se verbod op diskriminasie van enige soort*. Enige persoon, ongeag ras, geslag, geslagtelike oriëntering, geloof of godsdiens, oortuiging of agtergrond kan dus daarmee as 'n Afrikaner beskou word solank sy/hy sigself so beskou. Die voor-die-hand-liggende afleiding hieruit moet wees dat bruin Afrikaanstaliges duidelik 'n potensiële bondgenootskapsgroep vir Afrikaners verteenwoordig en dat ons hard sal moet werk – met oop gemoedere en geen geveinsde gesindhede nie – om ons dierbare taal en sy menigvuldige voordele na daardie groep in ons midde uit te brei. Gepaardgaande hiermee sal 'n direkte voorneme onder Afrikaners moet posvat dat ons die spore van rassisme wat nog al te dikwels onder Afrikaners uitslaan, sal moet teenwerk en uiteindelik uit ons midde verwyder. Ons kerk en skole sal hulle rol in hierdie verband moet speel, en die volle ongemaklikheid en verleentheid wat hiermee saamgaan met groot sensitiwiteit moet aanpak.

Sommige Afrikaners se onderliggende rassisme, en die daarmee gepaardgaande gevoelens van meerderwaardigheid en ons groepsbeeld van bevoordeling en sosiale meerderwaardigheid, sal moet plek maak vir opregte mededoë en meelewing, wat tot ware of outentieke multi-kulturele kommunikasie kan lei. Ons sal dan eers van rekonsiliasie in ons land kan praat. Eers dan sal Afrikaners ook as ware lede van die internasionale gemeenskap van volkere ervaar word. In hierdie verband het die Afrikanerbond 'n groot rol te speel.

3. 'n Verdere Afrikaner-transformasie – miskien nog meer gewigtig as die eersgenoemde – sal in ***ons Kerke*** moet plaasvind. As hierdie kommentaar slegs maar die gewenste debat en oorweging kan ontlok, het dit reeds sy doel gedien.

- Omdat die Kerk steeds die middelpunt van die Afrikaner-gemeenskap uitmaak, is dit belangrik dat die susterkerke steeds alles in die stryd tot groter kerkeenheid sal werp.
- Die Kerke moet steeds daarna streef om afdoende byderwetse leerstellige teenvoeters teen die leerstellinge van die fundamentalistiese en charismatiese denominasies wat soveel lidmate van ons Kerke afrokkel, te ontwikkel.
- Ons kerke transformeer al vir 'n geruime tyd, en het reeds groot vordering op die weg na hulpverlening aan ons eie en ander gemeenskappe gemaak. Hierdie pogings moet steeds mee volhard en uitgebou word.

4. Waarskynlik die grootste transformasie wat ons in die gesig staar, is die oorgang vanaf die teenswoordige hulpeloosheid en gebrek aan 'n koherente politieke visie na 'n *volledige stel ideale wat Afrikaners kan rig om effektief vir hul toekoms te werk*. In hierdie verband moet 'n mens in gedagte hou dat die politiek eintlik maar die somtotaal van enige groep se haalbare ideale uitmaak. Bowenal veronderstel dit 'n geslaagde gemeenskapslewe, of ten minste 'n opgaande een. Afrikaners sal weet dat die gerigte uitbouing van hulle gemeenskapslewe reeds 'n politieke stellinginname is waarmee die regering dikwels in konflik tree, juis omdat dit gevaarlik teenstrydig met die beginsels van die NDR is. Dit lyk egter of die konsolidasie van die steun wat kandidate in plaaslike en streeks- en nasionale verkiesings geniet, een van die belangrikste prioriteite vir Afrikaners moet wees. Die indruk egter is dat Afrikaners tans bereid is om vir 'n party met 'n liberale inslag te stem, met min of geen leidende rol in daardie party nie – wat miskien juis 'n goeie ding is.

Die Afrikanerbond moet op 'n volgehoue grondslag ontmoet met die vernaamste opposisiepartye en deurentyd die skepping van genoegsame ruimte vir 'n geslaagde gemeenskapslewe daarin voorop moet stel. Die plaaslike verkiesings van Mei 2011 is belangrik juis vir die nuwe stel indikatore wat dit t.o.v. die ontwikkeling van die plaaslike politiek gaan genereer. Hierdie aanwysers sal voorlopig wys in watter rigting(s) die plaaslike politiek beweeg en op watter mate van steun partye in onderskeidelik stedelike en landelike gebiede kan begin reken (wat weer belangrik vir die volgende ronde van provinsiale en nasionale verkiesings sal wees). Die Afrikanerbond durf nie partydig in hierdie proses wees nie, maar moet steeds Afrikanerbelange op hul beste verteenwoordig. Gegewe die (wêreldwye) opbloei van liberale sowel as konserwatiewe benaderings in politieke en verwante sosiale aangeleenthede, moet 'n mens die vraag vra of behoudendheid (d.i. konserwatisme) dan nie met 'n matige liberale uitkyk versoenbaar is nie en of dié twee werklik absolute uiterstes op die kontinuum verteenwoordig?

Die Afrikanerbond moet ***gereeld geslote groepsgesprekke*** met verskeie kundiges (politieke wetenskaplikes, -kommentators en politici, en ook jeugorganisasies) voer in die soeke na 'n groep samehangende en min-of-meer politieke ideale waarmee Afrikaners hulself mettertyd vryelik kan assosieer. Die tyd is miskien nog nie ryp vir meer as bloot hierdie tentatiewe stap nie: ons beskik eenvoudig nog nie oor die nodige leierskap wat sulke ideale beliggaam en nastreef nie, en ons moet miskien vir onsself 'n bepaalde tydsraamwerk veroorloof om sulke werk in rustigheid, en veral buite die oë van die media, te volvoer. Terugvoer hieroor kan aan lede per omsendbrief of provinsie/streeksvergaderings gegee word.

5. **Landbou en landelike ontwikkeling**: Hieroor slegs 'n paar opmerkings.

a. Die aangeleentheid van die besit van landbougrond is duidelik 'n emosie-belaaide politieke kwessie waarmee die onderskeie landbou-organisasies nou reeds vir 'n geruime tyd stoei. 'n Mens kyk eintlik met ingehoue asem na die verloop van hierdie saak wat vir Afrikaners van groot belang is. Die feit is egter dat die ontneming van eiendomsreg 'n hoeksteen van die NDR uitmaak en dat enige georkestreerde teenstand teen die 'nasionalisering' van landbougrond eintlik 'n politieke en ideologiese konfrontasie met die sosialistiese vleuel van die ANC afdwing. Van ver lyk dit egter of die aangeleentheid van nasionale voedselsekuriteit 'n vername onderhandelingsbate vir die landbou kan wees, en boerdery moet waarskynlik daarop afgestem wees om bo alles in die nasionale behoeftes teen minimale winste te voorsien. Ons boere en hul organisasies stry 'n moedige stryd en behaal ook suksesse; dis egter belangrik dat hulle hul sinergistiese verbintenis met ander Afrikaner-organisasies behou.

b. Landelike ontwikkeling is deeglik in Duvenhage se verslag behandel en dit is daaruit duidelik dat Afrikaner-stedelinge hul bydraende rol om die plattelandse sentrums lewensvatbaar te hou, sal moet speel, of begin speel. 'n Mens dink in hierdie verband aan die vestiging van talle bondgenootskappe tussen stad en dorp, o.a. tussen Afrikanerskole in die stede (wat moontlik oor kragtige hulpbronne t.o.v. kundige leerkragte, fasiliteite, en buitemuurse bedrywighede beskik) en landelike skole, waar die ingevorderde fooie tans stagneer en moontlik verklein. Van 'n afstand lyk dit of dorpskole vele andersoortige voordele het om aan stadskole te bied, en dié situasie moet volledig ondersoek en benut word. Kundigheid op alle gebiede moet eenvoudig uitgewissel word, sodat die dorpskind nie vir die stadskind hoef terug te staan nie. Sulke bondgenootskappe behoort dit ook ten doel te hê om kleiner gemeenskappe in geval van die ineenstorting van plaaslike dienslewering by te staan, van raad te bedien en selfs om daadwerklik met kundigheid (rekeningkundig, tegnies, wetenskaplik) in te tree.

6. **Afrikaners se taalgesindheid** benodig dringende transformasie na vorme van sterker taalselfgelding sonder 'n al te dikwels gepaardgaande onbeleefdheid. Ons kan 'n groter poging aanwend om wandelende ambassadeurs vir ons taal te wees. Goeie Afrikaans hoef nie die (geërfde) sosiale afstand tussen groepe te beklemtoon en ander soms minderwaardig te laat voel nie. Ons beskik oor genoeg taalregisters in Afrikaners om almal wat by ons kommunikasie geïmpliseer word, menswaardig en ook geag te laat voel.

7. Afrikaners sal hulself uit die uitsigloosheid van tersiêre onderwys moet transformeer deur alle beskikbare sosiale en finansiële kragte agter pogings tot ***die stigting van 'n volwaardige en onafhanklike Afrikaanse universiteit*** (wat aanvanklik virtueel mag wees?) in te werp. Wat van deurslaggewende belang m.i. gaan wees, is of so 'n universiteit nie bloot 'n beroep-opleidingsentrum in Afrikaans gaan wees nie, en of dit sommer gou ook 'n navorsing-sentrum van uitnemendheid gaan vestig waarbinne Afrikaners se intellektuele lewens verryk word deur onafhanklike en oorspronklike denke.

8. Dit is ten slotte belangrik dat die ***Afrikanerbond homself behoorlik sal posisioneer*** om 'n doelmatige en doeltreffende organisasie binne die Afrikaner-gemeenskap én die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap uit te maak. Die minder-as-aanvaarde beeld van die Afrikanerbond binne sekere Afrikanerkringe en –groepe moet teengewerk word.

Dr Francois Bredenkamp
Junie 2011